**Wandel in die Here se weë in 2022 tot in ewigheid!**
**Maandag 24 Januarie 2022**

Die nuwe jaar is nie meer so nuut nie, byna 'n maand is verby. Die jaar het baie vinnig begin, skole is voluit besig, die skoliere het nie net skool nie, maar sportbyeenkomste, alles lyk of dit byna terug is na normaal.

Maar tydens my verlof het ek en my vrou gepraat oor die begrip: **Wandel!...** waarvan ons in die Bybel lees.
Daar is baie woorde en begrippe wat met wandel vertaal word.
Alle woorde wat met wandel vertaal word beteken nie noodwendig om te loop nie.
Wandel is ook hoe jy voor God lewe.
Wandel dui op fisiese en geestelike handelinge.

Trouens die woord wandel kom in….

- Die King James Version 1545 keer voor.
- Die 1983 Afrikaanse vertaling kom dit 10 keer voor.
- Die 1953 Afrikaanse vertaling kom dit 233 keer voor.

Die Hebreeuse woord הָלַךְ hâlak kan met baie verskeie begrippe vertaal word.
Wandel in die '83 vertaling 10x
Gen_3:8 die Here God in die tuin wandel
Ps_15:2 Hy wat onberispelik wandel en doen wat reg is, wat met sy hele hart die waarheid praat,
Ps_86:11 Leer my u pad, Here, ek wil wandel in u waarheid;
Ps_116:9 Ek kon voor die Here bly wandel in die land van die lewendes.
Ps_119:1 Dit gaan goed met dié wat onberispelik lewe, dié wat wandel volgens die woord van die Here.
2 Kor_6:16 : "Ek sal onder hulle woon en wandel, en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees."

Vir ons vandag lê die groot troos daarin dat God onder ons sal woon en wandel. God sal by ons wees omdat Hy ons God is. God sal ons deur die Heilige Gees lei om te lewe tot eer van God.
MAAR…
Ons moet ook wandel in sy weë. Dit beteken ons moet biddend soek om te lewe soos wat God wil tot sy eer en verheerliking.

Mag ons in 2022, **Wandel in die Here se wet!**
Mag ons in 2022, doen wat God van ons vra!
Mag ons in 2022 ons werklik bekeer om te doen net wat God wil.

Ek dra u almal aan die Here op in hierdie jaar.

*Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com*